



Jacobsdal juffrou sit Mind Moves® in aksie!

Wanneer LEER plaasgevind het,
het daar 'n verandering in gedrag plaasgevind
Melodie de Jager

Dit is presies wat my hartsbegeerte, as Gevorderde Mind Moves Instrukteur, is vir elke ouer en opvoeder wat registreer vir 'n Mind Moves Werkswinkel. Om met ander oë na 'n kind te kyk, met 'n oop hart hul emosies te verstaan en te "hoor" wat hul gedrag vir ons sê. Een van die kursusgangers, 'n onderwyseres van Jacobsdal, het presies dit gaan doen!

Sy het van haar kennis wat sy opgedoen het tydens 'n 5-in1 Mind Moves Werkswinkel, gaan toepas. Sy het 'n informele eksperiment gedoen met fantastiese resultate! Sy stuur vir my die volgende boodskap:

" Die kinders vir wie ek skoolhou kom meestal uit 'n swak ekonomiese omgewing en hulle is baie ver agter met ontwikkeling. Ek wou Igna se stelling beproef dat kinders se mensfiguur-tekeninge kan verbeter, sonder enige afrigting, oor 'n tydperk van 3 weke. Ek het die Gr. R juffrou wie ek baie vertrou geleer hoe om die Mind Moves Massering te doen. Die kinders het 'n prentjie van hulself geteken die eerste dag wat die skool begin het. Daarna is slegs die Mind Moves Massering daaglik vir drie weke met elke kind gedoen. Hulle tekeninge na drie weke het ongelooflik verbeter!! Al die Gr R juffrouens by die skool is so opgewonde, want hulle werk 'n hele jaar om dieselfde resultate te kry wat in drie weke verkry is!"





Nou waarom is ons so opgewonde? Wat maak dit saak as 'n menstekening verbeter? BAIE!!

"The brain does not feel and it cannot know about the body, if it does not get input from the body (senses)" (Hartz, 2013). "Binnesintuie help 'n baba om om van sy liggaam te leer, wat hulle kan doen en waar hulle in ruimte is" (De Jager, 2014).

Jy kan net gebruik waarvan jy BEWUS is. Navorsing en ondervinding het aangetoon dat kinders met leer-, gedrags- of emosionele probleme het of 'n besering of trauma beleef wat hul bedrading omgekrap het. Daarom moet hul sintuie, spiere en liggaamskaarte herbedraad en opdateer word. Hoekom? As my liggaamskaart afwesig of verouder is voel ek angstig, bang en onseker want ek voel so bietjie verlore in my eie lyf. Die tekening is 'n bewys dat kaarte besig is om opgedateer te word wat rustiger, veiliger kinders tot gevolg het. Dan word leer maklik en nie een groot gestoei nie.

Welgedaan!

[Igna du Plessis](#)

[Gevorderde Mind Moves Instrukteur](#)

De Jager, M. 2011. breinontwikkeling, MYLPALE en leer. Linden: Mind Moves Institute.

Hartz, T. 2013. An easier way to safety than keeping a vicious dog. [aanlyn]. www.mindmoves.co.za. [toegang 2 Februarie 2015].